Ds. PJ Kriel 1.11.2023

Inhoud In ‘n sekere sin is die Here verkeerd gedoop want Hy as regverdige mens sonder sonde is as sondaar gedoop. Met hierdie wyse waarop die Here Homself laat doop word Hy die sondaar in ons plek en laat Hy ons doop ook in ‘n sekere sin met ‘n verkeerde doop, doop. Hy laat ons en ons kinders doop as heilig en regverdig in sy plek. So word ons met dieselfde verkeerde doop as die Here gedoop – Myne is syne en syne is myne.

Skriflesing Matteus 3: 13 – 17, 27: 38 – 46, 28: 16 - 20

Teks Mat. 3: “ Want dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul

Tema Christus maak deur sy verkeerde doop alles vir ons reg

1. Die Here Jesus het sy werk as die Christus met sy doop begin en Hy het sy werk as Here op die aarde met ons doop begin. Sy eie doop met water en sy kerk se doop met water omsluit alles wie Jesus as Christus en Here is. Sy en ons doop omsluit volgens Mat. 28: 16 – 20 al sy mag as Here, al die dae wat Hy met ons is tot die voleinding, alle nasies en alles wat Hy ons beveel het om te onderhou.

Alles wie Christus en ons in hom is word met twee dope omsluit – Sy doop en ons doop.

In ‘n sekere sin was Jesus verkeerd gedoop gewees. Johannes die Doper wys hoe verkeerd Jesus se doop is. Johannes doop sondaars wat tot bekering gekom het en vir hul vergifnis wag op die koms van die Messias, die Christus. Daarom is dit verkeerd om Jesus te doop want Hy het nie sondes nie, kan nie tot bekering van sondes gekom het nie en Hy verwag nie die Christus nie. Hy is die Christus.

Jesus Christus openbaar aan Johannes dat juis om hierdie verkeerde manier van doop gaan Hy as die Christus alles van en vir sondaars reg maak (alle geregtigheid vervul) Die opsigtelike verkeerd van Jesus se doop is dat Hy alles omkeer. Hy gaan in die water in om ‘n sondaar te word en al die sondes van sondaars se eie sondes te maak. In en deur sy doop openbaar Christus dat Hy sy Vader hulle Vader sal maak. Dit bevestig die stem uit die hemel na sy doop. Dat Hy vir sondaar die Seun sal wees wat in hulle plek instaan en dat Jesus self aan sondaars die gawe van die Heilige Gees sal gee om die Abrahamsbeloftes in hulle lewe waar te maak. Dit word na sy doop bevestig deur die Gees wat soos ‘n duif op Hom neerdaal.

Christus se doop met water wys dat Hy ingedoop is in al die onheiligheid en ongeregtigheid van sondaars en ons doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees wys dat ons ongedoop is in alles wat Christus as mens in die hemel in ons plek is. Ons is ingedoop in sy heiligheid en regverdigheid en so maak Christus ons heeltemal reg en alles vir ons reg om God te mag aanbid en verheerlik.

Christus het ons beveel om mense te doop met die doop met water waarmee Hy gedoop is . So word ons met Christus se verkeerde omgedraaide doop gedoop om te wys Hy is ons sonde en ons is sy geregtigheid en heiligheid as mens.

2. Alles wat Jesus Christus met sy doop omdraai, doen die Here Jesus ook aan die kruis. Dit word in en deur die gepot met Jesus openbaar: “Ander het Hy gered, homself kan Hy nie red nie. Hy is die koning van Israel, laat Hy nou afkom van die kruis, en ons sal in hom glo.” (27: 42)
Hierdie is weer die versoeking van die Satan net soos die Here in die woestyn versoek is – Hy moet sy mag gebruik om Homself te red en so mag oor Israel te verkry. (4; 1 – 11) En dan doen die Here presies net weer die omgekeerde. Hy bly aan die kruis om sondaars te red en juis so koning en Here te word van sy kerk. Wat Jesus in sy doop omgekeer het, het hy aan die kruis ook omgekeer. (1 Joh. 5: 6 - 8)

Waarvan red die Here ons deur nie van die kruis af te kom nie? Dit openbaar die Here wanneer Hy Ps.22: 2 aanhaal as die woorde waarmee Hy sterf: “My God, my God waarom het U My verlaat.” Die aksent in hierdie woord is op “My”. Ek is U geliefde Seun soos wat U dit in my doop verklaar het vanuit die hemel en is U in alles gehoorsaam. Waarom laat U my in U haat sterf deur vir My, U geliefde Seun die afwesige Vader te wees.” En die antwoord is die laaste vers van die Matteus evangelie – sodat Jesus Christus God met sondaars in sy liefde kan wees. So draai Christus alles om soos Hy in sy doop gewys het – om alle geregtigheid vir sondaars te vervul word Hy die godverlate Seun sodat hy god met sy kinders kan wees.

Dit is die werklikheid van die kinders wat ons met water doop. Hulle dra die teken as versekering dat Jesus Christus elf God met hulle sal wees, omdat Hy die godverlatenheid gedra het vir al die sondes wat hulle gaan doen. Ons kinders sal nooit deur hulle sondes godverlate word of wees nie. In hulle sonde sal die Here die Abrahamsbelofte vir hulle vervul: hulle reinig van hul sonde en afgode, hulle hart vol sonde wegvat en ‘n nuwe hart gee wat God wil lief hê om so altyd vir god volkome mens te wees vir altyd.

Soos Jesus Christus alles in sy doop met water omgedraai het en self die godverlate sondaar in sondaars se plek geword het, so draai die Here alles in ons en ons kinders se doop vir ons om: Hy wys met die teken dat Hy altyd God in liefde met ons in en deur ons sondigheid sal wees. So deel ons en Christus dieselfde doop met water – die teken dat die Here alles vir Hom en ons omdraai: My godverlatenheid is Syne en Hy is in liefde God met my.

3. Christus is God met ons met alle mag op hemel en op aarde. (Mat. 28: 18) Hierdie mag is die beloofde mag aan die Christus wat terselfdertyd die seun van Dawid en die Seun van God die Vader is volgens die Dawidsbelofte in 2 Sam. 12: 12 en 14.

Dit is die mag waarmee Christus sy Vader ons Vader laat wees en ons Hom op ‘n nuwe wyse laat aanbid. Hierdie nuwe aanbidding is die nuwe Messiaanse tempel van 2 Samuel 7: 13 waarvan Jesus Christus in Matteus 27 stel dat Hy die tempel in Jerusalem gaan afbreek en in die drie dae van sy lyding, sterwe en opstanding die nuwe tempel sal oprig. (Mat. 27: 40)

Hierdie nuwe tempel is die skuldlose en offerlose aanbidding van God sy vader as ons Vader. Die roofaanbidding in die tempel van Jerusalem waar mense God se guns, liefde en goedheid gekry het in ruil vir offers beëindig Christus met sy offer vir sondes sodat ons nooit weer teenoor God die Vader skuldig is en hom met skuldoffers moet nader nie. Christus maak met alle mag ons deel van die

gemeenskap van die heiliges wat ‘n huis van gebed is, nie van skuld en offers nie. (Mat. 21: 12 – 16)

Met alle mag bewerk Christus met sy lewe as offer vir al ons sondes vir altyd dat niks ons van die liefde van God kan skei nie – ook nie enige sonde wat ons doen nie. (rom.8: 37 – 39) Daarom kan ons kinders se baba en kind wees hulle nie van God se liefde skei nie, so asof hulle geskei is van sy liefde totdat hulle dit kan ken en aanvaar. Ons kinders se sondige geaardheid en sondes wat hulle doen kan hulle nie van god se liefde skei nie en hulle magteloosheid in en teenoor die eise van die lewe kan hulle ook nie skei van God se liefde in Christus nie.

In Christus se doop met water het Hy gewys dat Hy alles wat ons van God se liefde skei op Hom neem en daarvoor godverlate word. Ons doop wys dat Christus ons heilig maak om God die Vader skuld en offerloos te kan aanbid. So doop ons ons kinders met die doop van Christus waarin Hy alles wat ons van God skei in sy doop op Hom geneem het om alle mag te hê om God sy Vader ons Vader te laat wees.

4. In Christus se doop met water is Hy die Here van alle nasies. Uit alle nasies versamel Hy sy kerk om God te aanbid soos sy dissipels Hom met sy verskyning na sy dood Hom aanbid het. (Mat.28: 17) Christus het nie mag oor nasies kom verkry sodat hulle aan sy mag onderworpe is nie (Mat.4: 8 -10) Hy is die Christus wat mense uit alle nasies sy dissipels maak, nie sy ondergeskiktes nie.

In ons doop met water word ons verseël as die geloofsgemeenskap van die Here in en uit alles nasies – ons is verseël as lidmate van die heilige algemene christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges. Ons kinders is nie net ingesluit in Christus in een eie nasie nie en hoef ook nie hul eie nasie af te sweer om Christus te aanbid nie. Die Here word in alles nasies, kulture en tale aanbid.

Ons doop (Mat. 28: 19) met die doop van Christus (Mat. 3: 15) wys op ‘n besondere wyse dat ons en ons kinders alles kan onderhou wat die Here Jesus Christus ons beveel om te onderhou. (28: 20) Daarom kan ons en ons kinders geleer word om alles te onderhou wat die Here Jesus sy dissipels geleer het.

Die leeropdrag van die Here aan sy kerk moet ons binne die evangelie van sy lyding en opstanding ontdek. Die Here leer ons nie net nog ‘n wettiese of spirituele wyse om op te leef nie. (Mat 5:20)

Hoe leer ons mekaar om te onderhou wat die Here ons beveel het? Ons moet dit ontdek in Mat. 23: 8 -10. Ons is nie ons kinders of mekaar se geestelike leermeesters nie. (23: 8) Net Christus is ons en ons kinders se leermeester. Ons is ons kinders en mekaar se broers en susters. Christus het sy dissipels geleer dat Hy vir ons gely het, gekruisig is, gesterf het, uit die dood uit opgestaan en aan die regterhand van die vader met alle mag gaan sit het. (Mat. 16: 21 – 23, 17: 22, 23. 20: 17 -19) Die nuwe gehoorsaamheid wat die Here sy dissipels geleer het, was om met sy geregtigheid wat Hy vir ons vervul (Mat.3: 15) , alles wat Hy vir ons reg maak en reg laat wees (Mat. 5; 20), die wil van God te gehoorsaam en nooit weer God te gehoorsaam om jouself reg te wil maak soos die Fariseërs nie. (Mat. 5:20)

5. Die Here wys dat ons ook nie geestelike vaderfigure of mentors vir ons kinders kan wees nie. Dit is nie hoe ons hulle alles leer wat die Here ons beveel het nie. Want hulle het net Een Vader, die Vader van Jesus Christus wie self ons kinders as Vader liefhet en in sy liefde laat leef. (Mat.23: 9)
Die Here wys ons ook dat ons nie ons kinders se geestelike leiers is nie, maar dat net Hy ons lei, en Hy lei ons deur die Heilige Gees wat God se beloftes seëninge in ons lewe maak. Christus lei ons nie met wette nie maar deur die vervulling van sy verbondsbeloftes in ons lewe.

So hoe moet ons as broers en susters van die Here mekaar en ons kinders leer soos die Here ons beveel het? Alles leer wat die Here ons beveel het beteken om te vertel en te verduidelik as medegelowiges. Nie om voorskriftelik en as rolmodelle te wys hoe om wat te doen nie. Leer beteken om te vertel wat Jesus Christus vir ons gedoen het deur sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding, en te verduidelik hoe ons nuut gehoorsaam is as onskuldige, straflose, gereinigde kinders van God. Dit is om kinders te vertel en te verduidelik dat God die Vader hul liefdevolle Vader, Christus hulle genadige Here en die Heilige Gees hulle Trooster is.

So leer kinders hulle self as gedoop met Christus se doop ken. Die Vader het hulle as gedoopte kinders lief, Christus leer hulle self as sy gedoopte kinders en die Heilige Gees lei hulle as sy gedoopte kinders. Kinders moet ontdek dat God altyd met hulle besig is as gedoopte kinders – dit is hoe God met hulle praat, hulle leer, hulle en lei. Christus leer hulle altyd dat hulle in hom ingesluit is soos hulle doop dit wys. Die Vader verseker hulle altyd dat Hy hulle lief het as kinders wat Christus reg gemaak het en reg laat wees vir sy liefde - soos hulle doop bevestig. Die Heilige Gees lei hulle altyd in die betekenis van hulle doop – dat Hy vir hulle God se beloftes seëninge in hulle lewe maak en nie hulle nie.

Omdat God so God vir ons kinders is, kan ons dit elke dag vir hulle vertel en verduidelik as medebroers en susters. Nooit as hulle geestelike leermeesters, vaderfigure of leiers nie.

6. Daar is ‘n diep godsdienstige perversie in die kerk – geestelikes leer lidmate dat hulle met waterrituele aan hulle doop herinner moet word. Wanneer jy by die kerk inloop sit hulle voetbakke en wasbakke met water by die deur en sê jy moet kaalvoet deur die water loop as jy in die kerk ingaan of met water jou voorkom vryf, sodat jy kan onthou jy was gedoop gewees. Net so moet kinders wat geloofsbelydenis aflê met water gevryf word en dominees begin nou eredienste deur eers hulle hande in die water van die doopbak te skut voor sy diens om lidmate te herinner hulle is gedoop.

So maak hulle hulself lidmate se geestelike leermeesters, vaderfigure en leiers, net soos die Here juis dit wat hulle wil wees verbied het. (Mat. 23: 11) Want jou is dit hulle wat jou aan jou doop moet herinner deur nuwe selfopgemaakte waterspeletjies.

Die perversheid van hierdie geestelikheid is dat hulle God so vir lidmate afwesig maak. Christus is altyd besig om self sy lidmate te leer as hulle wat met sy doop gedoop is. Dit is net hoe Christus elke dag hulle deur sy Woord leer – as geheiligde en geregverdigde kinders van God, skuldloos en strafloos. Deur ons so deur sy

Woord te leer as sy kinders wat vir Hom en sy liefde heilig en reg is, wys Hy my in elke Woord waarin Hy my lei dat ek deel is van die doop waarmee Hy gedoop is.

Dit is net hoe God die Vader Homself in sy liefde en barmhartigheid elke daag, die hele dag aan my openbaar. Die Vader wys my altyd dat ek sy kind is omdat ek ingesluit is in sy Seun en deel is van die doop van sy Seun.

Net so lei die Gees my elke dag as kind van God deur al God se beloftes die seëninge van God in my lewe te laat wees. (Efe. 1: 1 -14) Die Gees lei my altyd in my salwing met in verseëling in Christus deur my doop.

Nou hoe kan geestelikes dan met hulle waterspeletjies my wil herinner aan my doop? Dit is omdat hulle met 'n valse doop besig is. In 'n sekere sin mag ons nie ons kinders doop nie. Dit is verkeerd om hulle te doop as mense wat vir God heilig en reg is. Want hulle is dit nie van geaardheid nie. Maar ons doop hulle juis met 'n verkeerde doop, Christus se verkeerde doop wat hulle sonde is sodat hulle in Hom rein is. Geestelikes probeer met hulle waterspeletjies ons omgekeerde doop in Christus 'n doop te maak waarmee ons wys dat ons onsself vir God reg en heilig maak. Hulle probeer ons verkeerde doop in Christus reg draai met 'n doop van ons bekering en gehoorsaamheid.

Ons kinders word met Christus se verkeerde doop gedoop – Hy is hulle sonde en hulle is sy heiligheid. So sal die Here altyd met hulle praat – ingedoop in Christus..